Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 10

## NOVEMBER 2019

# GESKIEDENIS ADDENDUM

* X H I S A 3 *

Hierdie addendum bestaan uit 10 bladsye.

## VRAAG 1: WAAROM WAS DIE ZOELOES ONDER SHAKA AS DIE MEES VREESAANJAENDE KRYGERS IN AFRIKA BESKOU?

**BRON 1A**

Hierdie bron beskryf Shaka en die opkoms van die Zoeloe-staat.

Shaka, ŉ uitgeworpende as kind, was grootgemaak deur ŉ aantal naburige groepe en het uiteindelik by die Mthethwa beland waar hy homself as ŉ bekwame vegter in die leër van Dingiswayo onderskei het. Dingiswayo was so beïndruk met Shaka dat hy hom in 1816 gehelp het om hoof van die Zoeloes na die dood van Senzangakhona te word. Onder die Zoeloes het Shaka ŉ aantal militêre innovasies gekonsolideer – sommige wat deur Dingiswayo ontwikkel was, ... om ŉ magtige militêre masjien tot stand te bring. Alle jong mans was in ouderdomsregimente opgeneem en het militêre opleiding ontvang. ŉ Kortsteek-assegaai was ingestel ... wat Shaka se leër ŉ voordeel in naby (hand tot hand) gevegte gegee het. Militêre strategieë, soos die 'oskop'-formasie waarmee Zoeloe-regimente hul vyande omsingel het, is vervolmaak. Toe Dingiswayo vermoor was, het Shaka met sy militêre masjien die dood van sy mentor gewreek, ... Shaka het die Mthethwa onder sy bewind ingelyf en die Zoeloe-staat as die dominante mag onder die noordelike Nguni gevestig.

Shaka het ŉ nuwe nasionale identiteit bevorder deur die Zoeloe-identiteit van die staat te beklemtoon. Al die onderdane van die Zoeloe-staat het Zoeloes geword en moes die koning met hul persoonlike trou (lojaliteit) beloon. Gebruiklike Nguni-feeste, soos plant- en oesvieringe, het geleenthede geword waarop Shaka ŉ groot aantal mense bymekaargemaak het en die deugde van die staat geprys (gevier) het. Op hierdie wyse het Shaka ŉ Zoeloe-bewuswording ontwikkel wat die oorspronklike identiteite en afstamming (families) van die verskillende volke wat sy onderdane was, oortref het.
Shaka het sy mag gekonsolideer deur ŉ reeks oorloë teen naburige volke. Sy leërs het strooptogte vir beeste en kos gedoen; hulle het enigeen aangeval wat die gesag van die Zoeloe-monarg betwis het; ... Hy het ook Britse handelaars in sy koninkryk verwelkom en diplomatieke afgevaardiges (verteenwoordigers) na die Britse koning gestuur.

[Uit https://www.google.com/search?source. Toegang op 6 Julie 2019 verkry.]

EcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## BRON 1B

Hierdie bron fokus op die militêre sisteem wat deur Shaka gebruik was.

**Die assegaai**: Hy het gesien dat die tradisionele spies, ŉ lang handvatsel-assegaai wat van ŉ afstand gegooi was, nie geskik was vir die gereguleerde gevegte in naby (hand tot hand) formasie wat hy in gedagte gehad het nie. Hulle het tot teenaan die vyand beweeg agter die skuiling van die skans van skilde, dan was hul teenstanders aan hulle oorgelaat en ŉ volledige oorwinning kon behaal word. Na hy die sukses van sy nuwe taktiek bewys het, het Shaka sy krygers met kort-handvatsel steek-assegaaie bewapen en hulle opgelei om tot naby hul opponente te beweeg met hul lyflengte-koeiskudde-skilde (beesvel-skilde) wat ŉ byna ondeurdringbare beskerming gevorm het vir alles wat na hulle gegooi was.

**Dissipline**: Deur baie oefeninge en dissipline het Shaka sy magte opgebou, wat spoedig die terreur van die land geword het. Shaka het die dra van sandale verbied, en het sy vegters se voete verhard deur hulle kaalvoet oor growwe doring-grond te laat hardloop om sodoende groter mobiliteit te verseker. Sy oorlogskreet was 'Oorwinning of dood!' ... en hy het sy impi's op aanhoudende militêre veldtogte gehou totdat hy gedink het dat hulle die reg verdien het om ŉ kopring (isicoco) van manlikheid te dra.

**Die manlike amabutho**: Die jong mans was weggeneem om saam met ander uit alle dele van die koninkryk in ŉ toepaslike amabutho of ouderdomsregiment ingeskryf te word. Dit het ŉ gevoel van gemeenskaplike identiteit onder hulle gebring.

ÉcoleBooks

**Die vroulike amabutho**: Getalle jong vroue van die koninkryk was by die militêre nedersettings byeengebring. Amptelik was hulle in die koning se sorg. Hulle is in vroulike ekwivalente van die manlike amabutho georganiseer en het aan seremoniële dans en uitstallings deelgeneem. Tot op daardie tydstip was seksuele omgang tussen lede van die manlike en vroulike ouderdomsregimente egter verbode. Oortredings is met die dood gestraf.

[Uit https://www.sahistory.org.za/people/shaka-zulu. Toegang op 6 Julie 2019 verkry.]

## BRON 1C

Hierdie bron beskryf hoe Nandi se dood Shaka se leierskap laat versleg het.


Ten spyte van die moeilike tye wat hulle saam beleef het, of miskien as gevolg daarvan, het Shaka sy moeder amper tot op die punt van aanbidding lief gehad.

Koningin Nandi kaBhebhe is op 10 Oktober 1827 aan disenterie (aansteeklike diarree) oorlede. Volgens Donald Morris het Shaka beveel dat geen gewasse gedurende die daaropvolgende jaar van rou geplant moes word nie, dat geen melk (die destydse basis van die Zoeloe-dieet) gebruik moes word nie en dat elke vrou wat swanger sou word saam met haar man vermoor moes word. Minstens 7 000 mense wat onvoldoende droefheid gertoon het, was tereggestel, hoewel die doodmaak nie tot mense beperk was nie; koeie was geslag sodat hul kalwers sou weet hoe die verlies van ŉ moeder voel.

[Uit https://en.wikipedia.org/wiki/Nandi_(mother_of_Shaka). Toegang op 6 Julie 2019 verkry.]

## BRON 1D

Hierdie foto beeld Shaka se 'oskop'-formasie uit, een van sy magtigste militêre taktieke.




Die buffelhorings-formasie van die Zoeloe-mag: Dele 1–4 hierbo: 1 'vyand' 2 'horings' 3 'bors' 4 'lendestuk

[Uit https://en.wikipedia.org/wiki/Impi. Toegang op 12 August 2019 verkry.]

Kopiereg voorgehou 

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## VRAAG 2: HOE HET KOLONIALISME DIE LEWENS VAN BEIDE XHOSAS EN BOERE, IN DIE KAAPKOLONIE, NEGATIEF BEÏNVLOED?

### BRON 2A

Hierdie bron beskryf die redes waarom die Britte na Suid-Afrika gekom het.

In Suid-Afrika was daar ŉ komplekse mengsel van mense – Britte, Boere (afstammelinge van Nederlandse setlaars uit die 1600's) en inheemse Afrika-volke soos die Xhosas, die Zoeloes en die Matabele. Die Britte wou Suid-Afrika beheer omdat dit een van die handelsroetes na Indië was.

Toe goud en diamante egter in die 1860's–1880's ontdek is, het hul belangstelling in die streek toegeneem. Dit het hulle in konflik met die Boere gebring. Die Boere was teen die Britse bewind gekant. Hulle wou ŉ eenvoudige boerdery-bestaan voer. Britse bewind het hul land toenemend ŉ nywerheids- en sakewêreld-land gemaak. Die Boere het ook gevoel dat die inheemse Swartes minderwaardig was en as slawe behandel moes word. Ten spyte daarvan, het hulle in die 1870's verskeie oorloë met Swart-volke geveg en effektief die mag van die Zoeloes verbreek.

[Uit http://www.nationalarchives.gov.uk/education/empire/g2/cs3/background.htm. Toegang op 5 Junie 2019 verkry.]

ÉcoleBooks

**BRON 2B**

Hierdie bron, geskryf deur Gemma Pitcher, verwys na die veeslagting as massa-verset en nie as massamoord nie.

Toe sy terugkeer, het sy gesê dat sy ŉ man gesien het wat vir haar gesê het: 'Die hele gemeenskap sal uit die dood opstaan; dat alle beeste wat nou leef, geslag moet word'. Die meisies het teruggekeer huis toe en hulle gesinne vertel wat gebeur het, maar niemand het hulle geglo nie.

Nongqawuse en Mhlakaza het gesê dat diegene wat aan hulle verskyn het, die geeste van hul dooie voorouers was, wat weer lewend geword het om die Xhosa-volk weer tot sy volle glorie te herstel en 'die Xhosa die hulp te verleen wat hulle benodig om die witman uit die land te verdryf'.

ŉ Paar dae later het Mhlakaza self met die geeste vergader en gesê dat al die dooies van die Xhosa-volk weer sou opstaan, dat hulle uit die see sou opkom en nuwe en onbesmette vee saam met hulle sou bring asook 'skape, bokke hoenders en enige ander dier wat benodig word, klere en alles wat hulle kon wens om te eet. . . en allerhande goed vir hul huise.' Volgens Nongqawuse, was die beeste in ondergrondse grotte (spelonke) op daardie tyd, wagtend om op te staan en ŉ nuwe wêreld vir die gesuiwerde Xhosa-mense te begin.Op die dag van hul koms, het sy belowe, 'dat die blindes sou sien, die dowes sou hoor, kreupeles sou loop, en dat die hele Xhosa-nasie uit die 'dood' sou opstaan en ŉ goue era sonder siekte, dood of ongeluk sou begin'.

Namate woord van die profesieë versprei het, het die opperhoof van die Xhosa, Sarhili, afgevaardiges (verteenwoordigers) na die mond van die Gxarha-rivier gestuur om die profesieë te ondersoek. Hulle het nie werklik die vreemdelinge ontmoet nie, maar het teruggekeer huis toe, oortuig van die waarheid van die profesieë, en onmiddellik hul vee begin doodmaak. Sarhili het toe twee van sy raadslede gestuur om die stamhoofde onder Britse jurisdiksie in kennis te stel dat hulle hul vee wat 'getoor' is moet opoffer. Nadat Sarhili sy ondersteuning gegee het, het die beweging enorme momentum gekry.

[Uit www.siyabona.com/eastern/cape.xhosa/cattle killling.htlm: Toegang op 6 Julie 2019 verkry.]



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**BRON 2C**

Hierdie bron is 'n uittreksel uit 'n toespraak deur die Britse Goewerneur, Harry Smith, aan die verslane Xhosa hoofmanne. Dit verduidelik hoe die nuwe stelsel sal werk.

'Julle grond sal uitgemerk word en merke sal gemaak word sodat julle almal daarvan sal weet. Dit sal in distrikte, stede en dorpe, met Engelse name opverdeel word. Julle sal almal leer om Engels te praat in die skole wat ek vir julle sal oprig ... Julle sal nie meer naak en boos wees soos wat julle altyd is, tensy julle hard werk nie. Julle sal geleer word om te ploeg ... Julle sal handelaars hê en julle moet julle mense leer om gom, hout en huide te bring om te verkoop, sodat julle kan leer hoe om geld te gebruik en goedere vir julleself te koop. Julle moet leer dat dit geld is wat mense ryk maak deur werk, en julle moet my help om paaie te maak, ek sal julle betaal.'

[Uit *In Search of History* deur J. Bottaro et al]

**BRON 2D**

Die onderstaande bron is 'n uittreksel uit die Manifes wat gepubliseer was op 2 Februarie, 1837. Die Manifes verduidelik die redes waarom die Voortrekkers die Kaap wou verlaat en skets ook hul hoop en voornemens vir die toekoms.

- Ons is wanhopig dat die kolonie gered kan word van die euwels wat dit bedreig deur die gedrag van rondlopers/swerwers (hawelose mense) wat toegelaat word om te gaan waar hulle wil.
- Ons kla oor die vals beskuldigings van sendelinge in Engeland teen ons.
- Ons kla dat ons plase voortdurend deur die Xhosa geplunder word en veral oor die laaste grensoorlog wat baie van ons geruïneer (verwoes) het.
- Ons kla oor die ernstige verliese wat ons gedwing is om te ly as gevolg van die vrylating van ons slawe.



[Uit *Focus* deur B. Johanneson et al]

## VRAAG 3: WAT WAS DIE TOESTANDE BINNE DIE KONSENTRASIEKAMPE GEDURENDE DIE SUID-AFRIKAANSE OORLOG?

### BRON 3A

Hierdie bron beskryf hoe swart Suid-Afrikaners in die konsentrasiekampe behandel was.

Amptelik, wou beide die Britte en die Boere, nie die swartes toelaat om by hulle aan te sluit om teen die ander kant te veg nie. Tog word geglo dat soveel as 100 000 swart mense in die oorlog gedien het as verkenners, spioene, bestuurders, arbeiders, draagbaar-draers en diensknegte.

In Mafikeng was 2 000 Swartes uitgejaag en daar gelaat om in die veld te verhonger weens die voedseltekort. En tog, toe die Boere Mafikeng aangeval het, was dit grotendeels die Barolong wat hulle vasgevang en die stad vir die Britte gered het. Geen dankbetuiging was teenoor die Barolong uitgespreek nie. Geen vergoeding vir hul lewensverliese en beeste tydens hierdie 'wit-mens oorlog' nie.

Baie swart boere het tydens die oorlog verliese aan gewasse, veediefstal en afgebrande huise gely.

Op die Rand was swart werkers vasgevang toe die oorlog begin en die myne gesluit het. Hulle kon nie huis toe gaan nie. Duisende is in konsentrasiekampe geplaas en daar aangehou teen ŉ koste van minder as ŉ sent per dag vir Brittanje. Daar was honderde sterftes daar as gevolg van swakheid en infeksie. In werklikheid was daar selfs meer sterftes daar as in die kampe wat vir die Boere opgerig was.

[Uit *In Search of History* deur J. Bottaro et al]

### BRON 3B

Hierdie bron verduidelik die ervarings van die verbranding van plase deur die Britse kaptein March Phillipps.

Op ŉ ander plaas het ŉ klein meisie haar voorbereidings vir haar vertrek onderbreek deur met ŉ woedende gesigsuitdrukking, hul volkslied op ŉ klavier vir ons te speel. Ons het mense afgelaai. Dit het hard gereën en die wind het hard gewaai – ŉ ellendige aangejaagde huisverlating; geplunderde huis, bemodderde soldate, ŉ afgetrokke ma wat een of twee klein dingetjies red en haar kinders na die ossewa wat buite staan stoot, en hierdie arme klein hawelose persoon wat te midde daarvan haarself reg maak vir ŉ finale verset ...

Ons kan genoeg doen om haat teen Engeland en die dors na wraak die eerste plig van elke Boer te maak, en ons kan nie effektief die getal mans verminder wat daardie plig sal uitvoer nie. Dit is natuurlik nie net ŉ kwessie van die oorlog nie. Dit is ŉ kwessie van die bestuur van die land daarna.

[Uit *Focus* deur B.Johanneson et al]



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**BRON 3C**

Hierdie bron verwys na ŉ verhaal van Emily Hobhouse oor toestande in die konsentrasiekampe.

Die skuiling was totaal onvoldoende. Toe die 8, 10 of 12 persone wat ŉ kloktent bewoon het, almal ingedruk was, hetsy om te ontsnap aan die felheid van die son of stof of reënstorms, was daar geen ruimte om te beweeg nie, en kon die atmosfeer nie eens beskryf word selfs met die sykante opgelig nie.

Geen seep was voorsien nie. Die water wat voorsien was, was nie voldoende nie. Geen beddens of matrasse was beskikbaar nie. Diegene, en hulle was die meerderheid, wat nie hierdie dinge kon koop nie, moes daarsonder klaarkom.

Brandstof was skaars. Die voedselrantsoen was klein, maar toe die aanwasgetal op die skaal kom, het dit ŉ hongersnoodskatting geword.

[Uit *Focus* deur B. Johannes et al]

**BRON 3D**

Duisende kinders is in die konsentrasiekampe dood aan masels en disenterie (wat in besmette water voorkom). Somtyds het hele gesinne gesterf. Die ervaring om soveel van hul kinders te verloor, het Boerevroue meer vasbeslote gemaak om weerstand te bied.



[Uit:https://www.sahistory.org.za/topic/women-children-white-concentration-camps-during-anglo-boer-war-1900-1902: Toegang op 12 Augustus 2019 verkry.]

**ERKENNINGS**

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Bottaro, J. et al. 2013, *In Search of History*, Oxford University Press, Published in South Africa.

Johanneson, B. et al. 2014, *Focus*, Maskew Miller Longman, Published in Cape Town.

https://www.google.com/search?source.

https://www.sahistory.org.za/people/shaka-zulu.

https://en.wikipedia.org/wiki/Nandi-(mother of Shaka

http://www.nationalarchives.gov.uk/education/empire/g2/cs3/background.htm.

www.siyabona.com/eastern/cape.xhosa/cattle killing.htlm.

https://www.sahistory.org.za/topic/women-children-white-concetration-camps-during-anglo-boer-war-1900-1902.

https://www.sahistory.org.za/achive/retief-manifesto-grahams-town-journal-2 february-1837..

https://en Wikipedia.org/wiki/impi.

ÉcoleBooks

Kopiereg voorgehou

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM